

DIE HUISGENOOT

Geïllustreerde Weekblad

Onder redaksie van J. M. H. Viljoen

Uitgegeve deur Die Nasionale Pers, Beperk, posbus 692, Kaapstad

DEEL XVIII, No. 608.]

17 NOVEMBER 1933.

GEREGISTREER AAN DIE HOOF-
POSKANTOOR AS 'N NUUSBLAD.

[PRYS 4D.]

'N EIE VOLKSLIED

TOE die F.A.K. so pas begin het met sy lofwaardige strewe om 'n geskikte volkslied vir die Unie van Suid-Afrika te kry deur die uit-skrif van 'n prysvraag, het ons reeds in ons uitgawe van 19 Augustus 1932 die aandag by volksliedere in die algemeen en 'n Suid-Afrikaanse volkslied in die besonder bepaal.

Tans met die verklaring van prof. dr. E. C. Pienaar, voorsitter van die Keurkomitee van die F. A. K., aan een van ons dagblaaië het ons die einde bereik van die eerste fase van daardie allesins prysenswaardige strewe. Vir die prysvraag was daar een-en-twintig Afrikaanse insendings, vyftien Engelse en negentien in albei tale.

Die uitslag is in sover teleurstellend dat „die keurkomitee eenparig van oordeel (is) dat geen enkele insending aanbeveel kan word as 'n moontlike volkslied nie.” Dit verbaas die F.A.K. nie, en ook sal dit vir niemand wat oor die saak nagedink het, 'n verrassing wees nie. Heeltemal tereg het die F.A.K. die prysvraag uitgeskrif om die hele volk in die saak te ken, hoewel soos ons in ons genoemde artikel reeds gesê het, die geskiedenis van volksliedere ons leer dat sulke juwele „op de kentering der tye gebore” word. . . . Vandaar dat 'n volkslied ook 'n kind der smarte kan heet.”

Opmerklik is dit dan ook dat ons bekende digters nie aan hierdie wedstryd meegedoen het nie—seker nie uit onwil ten opsigte van die onderneming nie, maar miskien wel uit 'n digterlike onmag om op aanvraag 'n lied uit die volksiel te gryp.

Indertyd het ons gesê: „miskien het ons reeds so 'n lied, hoewel ons nog rondtas,” en ons wil dit nie ontveins nie dat ons by daardie woorde gedink het aan *Die Stem van Suid-Afrika*. Dit is ook die slotsom waartoe die voorsitter van die Keurkomitee gekom het. „My mening,” aldus sy verklaring, „dat *Die Stem* as volkslied van Suid-Afrika nie oortref sal kan word nie, is bewaarheid geword.” Die komitee beveel aan dat 'n prysvraag uitgeskrif word „vir die vertaling en toonsetting van *Die Stem van Suid-Afrika*, omdat dit eenvoudig geen nut het om na iets beters as *Die Stem* te soek nie.”

Hierdie voorstel moet eers nog deur die F.A.K. goedgekeur word, en nadat dit geskied het, sal hierdie grootse poging van die Federasie insake ons volkslied sy tweede sta-

dium bereik het, naamlik die toonsetting—afgesien van die reeds bestaande wysies—van die genoemde lied wat hom reeds so ingeburger het by die volk dat hy vandag in alles behalwe die naam feitlik reeds ons volkslied is.

Ons kan maar net die hoop uitspreek dat die F.A.K. daarin sal slaag om 'n toonsetting te vind wat net so sal inslaan by die volk as die lied waarom dit nou gaan. Hiermee wil ons geeneen van die reeds be-

stem van sy bodem weerklink. In so 'n lied moet daar uitdrukking gegee word aan 'n volk se liefde vir eie bodem, asook aan sy hoop vir die toekoms, sy strewe in die hede en aan sy dure gelofte van onwrikbare trou teenoor sy eie in lief en in leed. En daar is nie baie volksliedere in die wêreld—indien daar enkele is—wat al hierdie eienskappe in so 'n poëtiese vorm vrtoon as *Die Stem* nie. Trouens, met 'n gepaste toonsetting en selfs met enige van die reeds bestaande wysies, sal ons ver moet gaan soek na 'n volkslied wat as geheel treffender en skoner is.

Die groot vyfjaarlikse Dingaansfeesviering vind vanjaar weer by Bloedrivier plaas. Besoekers wat tente wil huur en vervoermiddels nodig het om van die stasie na die laerplek te gaan, word versoek om vroegetydig met die sekretaris (mnr. I. J. de Jager, jr., Tygerkrans, pk. De Jagersdrift) in verbinding te tree.

Die Mantel van Elia, die onvoltooide Bybelse roman waaraan Langenhoven op die laaste aand van sy lewe nog gewerk het, sal binnekort deur die Nasionale Pers uitgegee word. Dit sal in blokvorm gedruk word, presies so groot as die oorspronklike bladsye, sodat elkeen wat hierdie werk koop, in besit sal wees van 'n facsimile van die oordele skrywer se handskrif. Die omslag sal van silwergrys papier wees en die bladsye sal aanmekeer gehou word deur middel van 'n sy-koord. Die boek sal ook die allerlaaste portret van die skrywer bevat, met sy hond Polka op sy skoot, en 'n foto van die manuskrip op die studeertafel, presies soos hy dit laat lê het toe hy die aand na bed gegaan het. Die boek sal waarskynlik nog voor die end van die maand beskikbaar wees. Dit kos natuurlik veel om so 'n werk te druk, maar ons verwag dat die prys onder tien sjielings sal wees.

Daar het vanjaar vir die eerste maal—as 1925 altans uitgeskakel word—'n Kruger-herdenkingsfees in Nederland plaasgevind. Die feesviering is georganiseer deur die Haagse afdelings van die Algemeen Nederlandsch Verbond en die Nederlandsche Vereeniging, en verskeie vooraanstaande manne, onder wie ook die gesant van die Unie, het hulde gebring aan die nagedagtenis van die oorlede staatsman. Daar is ook 'n Kruger-tentoonstelling in die Stammuseum van die Algemeen Nederlandsch Verbond in Den Haag gehou waarop talle van minder bekende dokumente en ook besonder interessante portrette te sien was.

Dit is opmerklik watter belangstelling daar in die laaste tyd weer in Nederland openbaar word in die nouere aanhaling van die kulturele bande met Suid-Afrika, en hierdie gedenkfees is andermaal 'n bewys van die warme toegeneentheid wat die Nederlandse teenoor die Afrikanervolk voel.

In antwoord op navrae kan ons meedeel dat ons vakansie-uitgawe op 1 Desember verskyn. Belangstellendes moet asseblief enige ekstra bestellings vroegetydig plaas om teleurstelling te voorkom.

ONBESTENDIGHEID

DIE wolke waai, verflenterd soos gedagtes
Van 'n verstrooide en verwarde brein . .
Waai deur die stofgrys hemel soos geslagte
Van mense wat in ewigheid verdwyn.

Die blare val en skuifel oor die aarde
En ween 'n mare van verganklikheid;
Die wolke waai verflenterd soos die jare
Wat wegwaai na die kerkhof van die tyd.

S. I. MOCKE

staande wysies oor die hoof sien of hul verdienstelikheid geringskat nie, maar dit skyn algemeen gevoel te word dat 'n nog treffender toonsetting van daardie treffende gedig aan wyle senator Langenhoven gepaster hulde sal bring en meer algemeen ingang sal vind.

Hierdie tweede taak van die F.A.K. is in geen enkele opsig makliker as die eerste nie—en in 'n hele paar opsigte is hy selfs moeiliker. Tog staan ons nou nader aan die einddoel waar ons reeds, as die volk dit met die F.A.K. eens is oor *Die Stem*, die aandag voortaan op een gedig kan konsentreer.

Dit sal seker die stelligste verwagting van elkeen wees dat met so 'n lied voor oë ook ons beste komponiste hierdie saak hul ernstige en toegewyde aandag sal skenk. As die toonsetting die woorde van daardie lied kan ewenaar, sal geen enkele Afrikaner ooit in die allerminste rede hê om minder trots te voel op die lied van Suid-Afrika nie, wanneer oor Afrikaanse berg en veld en dal die stygende klanke van die

AAANTEKENINGE.

Volgens die Franse blad *L'Illustration* is daar onlangs in die stad Lucerne 'n Wagner-museum geopen in die villa waarin die beroemde komponis ses jaar gewoon het. Wagner het die Siegfried-siklus en Götterdämmerung daar gekomponeer. Die museum bevat 'n groot aantal manuskripte en heelwat ander herinneringe aan die groot meester.

'n Amerikaanse versamelaar het onlangs 'n tot dusver onbekende skildery van Leonardo da Vinci ontdek. Dit stel die heilige Laurentius en die belasting-insamelaar voor en het, volgens deskundige mening, deel uitgemaak van die altaarstuk, die *Madonna di Piazza*, in die katedraal van Pistoia. Die vonds is des te merkwaardiger, omdat daar net twee ander skilderye van Da Vinci is wat dateer uit die tydperk 1472—1480, toe die skilder lid was van die Florentynse Schildersgilde.